


Photo: Friend

MINING CRISIS ON RAND

At the request of the Museum the Friend Newspapers Ltd recently printed two old-time newspaper posters for display in the Historic Street Scene. In the photograph Mr Tim Ross-Thomson (left), editor, and Mr Brain Moult, manager of *The Friend*, discuss the headlines of the issue of 11 May 1920 with Mr W B Walker, "owner" of the "Boeren Handelshuis" in Fontein Street in the Street Scene. The second poster reads "Smuts to carry on" and is dated March 18, 1920. ■

# PRAKTIKUM

In die vorige uitgawe van hierdie Nuusbrief is melding gemaak van die Museum se voorneme om 'n praktiese handleiding vir die versameling en verwerking van biologiese monsters uit te gee. Weens onvoorsiene omstandighede is die publikasie van die eerste paar artikels van hierdie reeks, bekend as *Praktikum*, vertraag maar dit sal nou binne die volgende paar weke ter perse gaan. Soos uit die titels afgelei kan word, gaan dit in die eerste artikels veral oor die versameling van dierlike materiaal. Dit sal later uitgebrei word na plante en uiteindelik ook eksperimentele werk insluit.

**Praktikum 1.** Basiese Tegnieke in die Biologie-Klasmuseum. (Verduidelik hoe die verskillende fikseer- en preserveermiddels opgemaak word, wat in die veldaantekeningboek en Museumkatalogus opgeteken behoort te word, en behandel ook monteer-tegnieke en etikettering).

**Praktikum 2.** Die Versameling van Ongewerwelde Diere (Insekte uitgesonderd).

**Praktikum 3.** Die Versameling van Insekte.

**Praktikum 4.** 'n Eenvoudige Sleutel vir die Identifikasie van Ongewerwelde Diere.

**Praktikum 6.** Die Inbed van Biologiese Materiaal in Kunshars.

(Praktikum 5 behandel die versameling van werweldiere, maar is nog nie gereed vir publikasie nie).

'n Volledige stel van *Praktikum*-artikels sal aan elke skool in die Vrystaat beskikbaar gestel word. 'n Hele aantal privaatpersone het ook reeds te kenne gegee dat hulle dit graag sou wou ontvang. Hoewel dit aanvanklik ons voorneme was om dit kosteloos aan belangstellendes te stuur, het dit sedertdien geblyk dat die druk- en versendingskoste 'n aardige bedraggie per jaar sal beloop. Daar is gevolglik besluit om 'n vaste prys van 20 sent per eksemplaar (versending ingesluit) te vra. Ons wil dus vriendelik vra dat diegene wat reeds te kenne gegee het dat hulle *Praktikum* graag sal wil ontvang, ons in kennis sal stel of hulle nog daarin belangstel al dan nie. Rig alle korrespondensie in hierdie verband aan:

*Praktikum*
p/a Nasionale Museum
Posbus 266
9300 Bloemfontein ■